**11 Februarie** | **Skrifgedeelte: Lukas 12:22-34**
**Fokusgedeelte: Lukas 12:30b**

## Hoe sorg God?

Ons probeer graag in beheer van ons lewe wees. Ons bekwaam ons optimaal vir die eise en uitdagings van ons tyd. Reeds van jongs af beplan ons vir die oudag en sy kwale. Soms voel ons nogal heel tevrede dat ons al die swak plekke raakgesien en toegestop het.

Om verantwoordelikheid vir jou lewe (en geloof) te neem, is natuurlik nie verkeerd nie, op voorwaarde, dat: (i) ons nie *net* besig is met selfvoorsiening nie; (ii) ons nie deur kommer lam gelê word nie; (iii) ons nie ons vertroue op gesondheid, geld of besittings plaas nie; (iv) ons in ons beplanning nie net aan onsself dink nie.

Wat vra God van ons? Ja, ons moet ploeg en plant, letterlik en figuurlik, maar eiebelang moenie voorop staan nie (vs 31). “Maar soek eers die koninkryk van God, en al die ander dinge sal vir julle bygevoeg word.”

Wanneer ons beheer van ons lewe probeer neem, leef ons soos heidene wat steeds op soek is na ’n versorger. God is tog vir gelowiges, in Christus, ’n Vader. Sal Hy wat die lelies en velde met heerlikheid klee, nie vir ons kan en wil sorg nie? Natuurlik neem God verantwoordelikheid vir ons elkeen en vir sy ganse skepping en koninkryk. Hy vra slegs dat ons dit erken, Hom daarvoor dank en soos burgers van dié koninkryk leef.

*Dr. Klasie Heystek (Emeritus)*